

# Innibos se beleid ten opsigte van toneel- en teaterproduksies

Innibos huisves slegs 'n **beperkte aantal produksies** elke jaar op die program. Ons besoek feeste en teaters tot die aanloop van die fees en kies dan daaruit produksies om by Innibos op die planke te wees.

Ten opsigte van die **opdragproduksies waarvan Innibos die ontwikkelingskoste befonds**, werk ons saam met NATi om die produksies te selekteer. Ons woon ook die KKNK Teksmark by waar ons dan tekste identifiseer wat as opdragproduksies kan dien.

Innibos gee vir elke produksiehuis wat hier optree, 'n reistoelaag, betaal die geselskap se verblyf, ontbyt word by die hotel of gastehuis geniet en aandetes is in die BBP-lisie beskikbaar. Innibos is ook verantwoordelik vir die stelvervoer, die venuehuur en -personeel, die klank en beligting. **Die kostes hiervan beloop duisende rande** en dit is die rede waarom **Innibos slegs min, maar uitgesoekte produksies huisves** wat op die fees se teikenmark gerig is. Innibos sluit dus 'n ooreenkoms (loket of fooi) met elke produksiehuis wat verblyf, 'n reistoelaag en etes insluit.

BAIE  
DANKIE